August Renoir, een van die grootste Franse impressionistiese skilders, het in die laaste jare van sy lewe geweldig pyn verduur as gevolg van artritis. Hy was so te sê verlam en kon aan die einde nooit meer sy huis verlaat nie. In dié tyd het sy groot vriend en vertroueling, medeskilder Henri Matisse hom daagliks besoek. Matisse was byna dertig jaar jonger as Renoir, maar het die grootste bewondering vir sy kuns gehad. Dag vir dag het hy kom kyk hoe die ouer man skilder. Want al moes hy met elke kwasveeg die ergste denkbare pyn verduur, het Renoir nooit ophou werk nie.

Eendag, twee jaar voor Renoir se dood, kyk Matisse weer hoe Renoir op sy tande byt terwyl hy sukkelend die kwas na die palet bring. Toe bars hy uit: "My magtig, August, hoekom hou jy aan en aan met skilder? Dis nou al veertien jaar dat jy só teen die pyn veg met elke beweging van die kwas... Jy kan mos nou maar ophou." Renoir het opgekyk van "The bathers", wat een van sy beroemdste skilderye sou word, en eenvoudig gesê: "Die pyn gaan verby, Henri, maar die skoonheid bly."

"Ek het gevind dat die mens dikwels in die mees desperate situasies tot die grootste innerlike skoonheid of die skepping van die mooiste kuns in staat is - baie soos 'n pêrel wat uit die pyn van die oester gevorm word."- Bob Geldof

*- Stories vir die Lewe Omnibus, Piet Naudé, Lux Verbi.BM*

Hendrik van Graan
Susana van Graan
OPTOMETRISTS / OOGKUNDIGES
PETER MOKABALAAN 3 (VAN RIEBEECKSTRAAT 3)
Tel: (018) 294 7666 • Tel: (018) 294 7111
B. Optom: F.O.A. (S.A.) • Praktyknr./Practice No. 7027060

Pick n Pay Van der Hoffpark Potchefstroom
Inspired by you
7 Days a Week!
Monday - Sunday
07:00 - 19:30
Tel: 018 290 6131


# Die Doel van die Lewe

Paulus was 'n besondere figuur in die kerkgeskiedenis. Die Here het hom magtiglik gebruik en gebruik nou nog daagliks sy geskrifte om miljoene mense te bemoedig en te leer, al is dit byna 2000 jaar vandat dit neergepen is.

In Filippense deel hy 'n lewensfilosofie en word ons ook aangemoedig om dit in ons eie lewe toe te pas. Hy gaan so ver om te skryf dat hierdie kernwaarheid 'n grondliggende aspek van elkeen van ons gelowiges se lewens behoort te wees, dat dit 'n kenmerk van geestelik volwasse denke is, en dat dit deur God bevestig sal word aan enigeen met 'n oop gemoed: *"Inderdaad reken ek alles as verlies, ter wille van die uitnemendheid daarvan om Christus Jesus, my Here, te ken. Ter wille van Hom, het alles vir my 'n verlies geword, en beskou ek dit as vullis, sodat ek Christus as wins kan verkry, en in Hom bevind kan word - nie met my eie geregtigheid op grond van die wet nie, maar met die geregtigheid deur geloof in Christus, die regverdiging wat van God kom, deur die geloof - en sodat ek Christus kan ken, die krag van Sy opstanding, en die verbondenheid met Sy lyding, deur aan Sy dood gelykvormig te word, en ek so, hoe dan ook, die opstanding uit die dood kan bereik. Nie dat ek dit al verkry het of reeds volmaak is nie, maar ek streef daarna om dit my eie te maak, omdat Christus Jesus my reeds Sy eie gemaak het. Broers (en susters), ek reken nie dat ek dit self reeds my eie gemaak het nie, maar een ding doen ek: Ek vergeet die dinge wat agter is, en strek my uit na wat voorlê. Ek beur voort na die wenstreep, om in Christus Jesus die prys van God se roeping van omhoog te bekom. Laat ons, wat geestelik volwasse is, so hieroor dink; maar as julle anders hieroor dink, sal God dit wel aan julle bekend maak"* (Fil. 3:8-15 DV).

## 1. VERTROU NIE OP DIE VLEES NIE

Die konteks van hierdie hoofstuk is dat Paulus skryf teen diegene wat op die vlees, op uiterlike rituele en werke, vertrou om redding of saligheid of regverdigmaking te bekom (en ander so wil leer of forseer). Hy was eens ook van daardie denkskool. Hy was basies Joodse adel en het 'n ellelange CV gehad. Hy kon inderdaad op die vlees vertrou in vergelyking met ander yweraars van die Joodse wet en die moraliste van sy tyd. Hy het vir niemand teruggestaan nie. Maar hierin lê die probleem: hy het hom met ander feilbare mense vergelyk. As ons na Jesus kyk, sien ons hoe beklaenswaardig ons eie morele pogings is. Die profeet Jesaja skryf juis, *"En ons het almal geword soos 'n onreine, en al ons geregtighede soos 'n besoedelde kleed; en ons het almal verdor soos blare, en ons ongeregtighede het ons weggevoer soos die wind"* (Jes. 64:6 OV).

Ons het niks om aan God te bied nie, en ons kan onsself nie red nie. Ons benodig Sy genade! Toe Paulus Jesus ontmoet, het alles weggesmelt waarop hy eens vertrou het. Meer nog, hy het die skat van groot waarde ontdek (Matt. 13:44) - om Jesus te ken. En hy was bereid om alles wat vir hom eens waardevol was en wat hom tot die uiterste van vervolging van die gelowiges gedryf het, af te lê.

## 2. WORD EEN MET CHRISTUS EN KEN HOM INTIEM

Die kosbare en groot skat is om Christus te ken en een te word met Hom in Sy lyding, dood, en opstanding: *"Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van Sy opstanding te ondervind en deel te hê aan Sy lyding deur aan Hom gelyk te word in Sy dood"* (Fil. 3:10 NV).

Strong se Leksikon beskryf die woord "ken" (ginóskó) so: "The Greek verb 'ginóskó' primarily means 'to know' or 'to come to know.' It implies a knowledge that is gained through experience or personal relationship. In the New Testament, it often denotes an intimate or relational knowledge, as opposed to mere intellectual understanding. This verb is used to describe both human and divine knowledge, including the knowledge of God, self-awareness, and understanding of others."

Ons ken Jesus deur deel te word van Hom, deel te hê aan Sy lyding, die vlees af te sterf (Rom. 6:11), en ook uiteindelik deel te hê aan Sy opstanding. Inderdaad, een kommentator skryf as volg: "The participle ('becoming conformed') is present: it implies a continual progress… not a mere external resemblance, but a deep, real, inner conformity. The reference is not to the impending death of martyrdom, but to that daily dying unto self." (Sien ook 1 Kor. 15:31; Gal. 2:20.)

## 3. MAAK JOU LOS VAN WAT AGTER IS

Paulus skryf dat hy alles inspan om eenwording met Christus te bereik - hy streef daarna, omdat hy dit nog nie volledig bereik het nie. Die groot doel voor oë is die roeping van God. Alles wat ons verhinder, moet weggewerp word. Indien ons sekere dinge moet verwerk en genesing moet kry, moet ons dit doen. Ons moet niks toelaat om ons in die wiele te ry of ons geestelike vordering te vertraag nie. Geen ou wonde, verhoudings, herinneringe, mislukkings, of ou, skewe, trotse denkwyses nie.

Jes. 43:18 herinner ons, *"Maar moenie net aan die vroeëre dinge dink en by die verlede stilstaan nie. Kyk, Ek gaan iets nuuts doen, dit staan op die punt om te gebeur, julle kan dit al sien kom; Ek maak in die woestyn 'n pad, Ek laat in die droë wêreld riviere ontspring."* Ons moet dinge wat ons geestelike vooruitgang vertraag, uit ons gedagtes verwyder en nie daarop bly hamer of daaroor tob nie. Vra die Here om jou te genees van ou pyn en seerkry, om jou te help om die nodige daaruit te leer en jou daardeur te vorm, maar om jou te help om dan vorentoe te beweeg. Hy wil nuwe dinge oor jou pad bring, en die reis saam met Hom is opwindend.

## 4. STREK JOU UIT NA WAT VOOR IS

Paulus gebruik die metafoor van 'n atleet wat alles in die stryd moet werp om die wenstreep te behaal. Die Griekse woord vir 'strek' (ἐπεκτεινόμενος) kom slegs hier in die Nuwe Testament voor. Dit verwys na rigting (ἐπί); voort / uit (ἐκ); en strek (τείνω); dus om vorentoe uit te strek. Bengel skryf: "The eye outstrips and draws onward the hand, and the hand the foot."

Heb. 12:1 (NV) herinner ons, *"Terwyl ons dan so 'n groot skare geloofsgetuies rondom ons het, laat ons elke las van ons afgooi, ook die sonde wat ons so maklik verstrik, en laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop, die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof."* Net so lees ons in 1 Kor. 9:24-27 (NV), *"Weet julle nie dat atlete wat aan 'n wedloop deelneem, wel almal hardloop, maar dat net een die prys ontvang nie? Hardloop dan só dat julle die prys kan wen. Almal wat aan 'n wedstryd deelneem, ontsê hulleself allerlei dinge. Hulle doen dit om 'n verganklike oorwinnaarskroon te verkry, maar ons 'n onverganklike. Ek hardloop dan ook soos een wat nie van sy doel onseker is nie; ek slaan soos 'n bokser wat nie in die lug slaan nie. Maar ek oefen my liggaam en bring dit onder beheer, sodat ek nie ander tot die stryd oproep en self nie kwalifiseer nie."*

### Hoe doen ons dit?

- <u>Fokus op jou roeping:</u> Ons moet ons oë op die prys hou - om die kosbare woord eendag te hoor, *"Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer"* (Matt. 25:23). Wat is my roeping? Die Bybel leer ons van algemene roeping (redding, heiligmaking, geestelike groei, evangelisasie, offervaardigheid, ens.). Bid en vra die Here om aan jou te openbaar wat jou spesifieke roeping is.

- <u>Fokus op jou heiligmaking:</u> Heb. 12:14 lui, *"Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie".* In ons strewe om ons roeping te bereik, moet ons alle laste en sonde aflê en ons tot God se beskikking stel, sodat Hy ons deurentyd kan heilig en help om geestelik te groei, tot op die uiteindelike volmaakte, heilige toestand wanneer ons roeping afgehandel sal wees.

- <u>Fokus op die ewige dinge:</u> Elders herinner Paulus ons, *"Want ons ligte verdrukking wat vir 'n oomblik is, bewerk vir ons 'n alles oortreffende ewige gewig van heerlikheid; omdat ons nie let op die sigbare dinge nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig"* (2 Kor. 4:18 NV).

## TEN SLOTTE

Job se vriend Elifas gee die volgende raad, *"As jy tot die Almagtige terugkeer, sal jy gebou word; as jy die onreg verwyder uit jou tent. En gooi die gouderts in die stof en tussen die rotse van die spruite die goud van Ofir. Dan sal die Almagtige jou gouderts wees en stawe silwer vir jou. Want dan sal jy in die Almagtige jou verlustig en jou aangesig tot God ophef. Jy sal tot Hom bid, en Hy sal jou verhoor; en jy sal jou geloftes betaal. Besluit jy iets, dan kom dit tot stand; en oor jou weë skyn 'n lig"* (Job 22:23-28 NV).

As ons ons losmaak van vleeslike dinge en die seer dinge van die verlede, en ons beywer om Christus te ken en ons roeping na te streef, sal daar 'n lig oor al ons lewenspaaie skyn en sal ons lewe sinvol en betekenisvol vir onsself en vir ander - en bowenal welbehaaglik vir God - wees.

© C Venter

**Balance is not about learning to effectively give pieces of yourself to important things. It's about knowing and becoming all of yourself and then giving your whole, abundant self to everything and everyone your life is assigned to.**
**- Touré Roberts**

# God Is Stronger Than My Enemy

It is true that we have a powerful, spiritual adversary, BUT we have an even more powerful spiritual ALLY in Jesus! He is strong, mighty to save, purposeful, kind, compassionate, loving, filled with justice, forgiving, hopeful, joyful, and He is delighting in you right now!

Somewhere along the line, Peter lost sight of his powerful Ally. Peter began to trust his own strength, his own words and his own faith to the point where He lost sight of the noble, true, excellent, and praiseworthy aspects of his King. He made bold claims, and his humility disappeared.

In this crucial moment, Jesus speaks to him with both boldness and compassion: *"Simon, Simon, Satan has asked to sift you as wheat. But I have prayed for you, Simon, that your faith may not fail. And when you have turned back, strengthen your brothers"* (Luke 22:31-32 NIV).

Peter was about to face a fierce trial, but Jesus reminded him that He is stronger than any enemy. Satan may have asked to sift Peter like wheat, but Jesus, our Saviour, is more powerful than anything the enemy can do.

In life, we are often "sifted" by trials, temptations, and difficult circumstances. These moments can feel like the world is shaking us to our core. But the truth is, no trial is too great for God. Whatever you are facing today, take comfort in knowing that God is greater than any obstacle, any fear, or any enemy. His power is unmatched, and He will not allow anything to defeat you.

When you feel overwhelmed by the trials of life, remind yourself that you serve a God Who is stronger than any adversary. His power is greater than the fear or temptation you face.

When I think back over the past two years, I am overwhelmed by the "sifting" that Laurel and I have gone through. We had to escape from the war in Israel. We lost two dear friends whom we have partnered with in bringing the Gospel to people, one to cancer and one to a tragic accident. Laurel's mom passed away and her nephew's precious baby boy passed away from a crushing medical condition. Laurel's eye disease has continued to progress, and yet, we have chosen to turn towards God in all things because He still helps, He still heals, He still delivers, and He is our Great Hope!

The world we live in will never be right because of sin, but just like Peter learned in turning back to God, we have the promise that one day it will all be made right, and God will restore all things!

In what areas of your life do you need to remind yourself of God's strength today? He is strong in battle, and He will pray for you as you turn back to Him!

Prayer:
Lord, thank You for reminding me that You are stronger than anything I face. Help me to lean on Your power and strength today, knowing that no trial is too great for You. Amen.
- Grant Fishbook

# When Satan Attacked My Thoughts

*"Above all, lift up the [protective] shield of faith with which you can extinguish all the flaming arrows of the evil one"* (Ephesians 6:16 AMP).

*"Do not be overcome and conquered by evil, but overcome evil with good"* (Romans 12:21 AMP).

*"So submit to [the authority of] God. Resist the devil [stand firm against him] and he will flee from you"* (James 4:7 AMP).

The devil attacks us in a variety of ways, but we can always have the victory if we will lift up the shield of faith against him at the onset of his attack.

Recently, early in the morning, the devil attacked my mind with critical thoughts about several people I know, and this morning it was fear and worry. Both times, the Holy Spirit made me aware of what was happening and I released my faith in God by remembering the faithfulness of God and trusting Him to take care of everything that was attempting to annoy me. I also replaced the wrong thoughts with good ones, because that is one way that we overcome evil with good (see Romans 12:21).

When the devil is attacking, we dare not be passive and do nothing. We must come against him. We submit ourselves to God and His Word, and we resist the devil and he flees (James 4:7). No matter what lie the devil is whispering to your mind, don't believe him, but instead wield (use) the Sword of the Spirit that is the Word of God.

Replace thoughts of criticism with thoughts of humility and love. Replace fear and worry with trust and confidence. Faith is a shield, and it will protect us in every battle if we will "lift" it up by simply declaring our trust in God.

PRAYER:
Father, always reveal to me when the devil is attacking me and remind me of relevant Scriptures to replace the evil thoughts he is suggesting. Help me lift up my shield of faith at all times. Thank You! Amen.
- Joyce Meyer

# Will My Children Hold On to Their Faith?

One of the most pressing questions for Christian parents is: will our children stay in the faith we cherish? As parents, especially mothers, we have the responsibility of shaping our children's spiritual lives from a young age. Proverbs 1:8 exhorts children to *"forsake not your mother's teaching,"* reminding us that parents play a critical role in instilling a love for God's truth.

In early childhood, the foundation for faith is built through repetitive, consistent teaching. Family devotions, prayer, and a lifestyle grounded in Scripture serve as constant reminders of God's Presence. Children observe parents living out their faith, especially in moments of weakness or repentance. For example, even something as simple as apologising to a child when we fail shows them that the Christian life is one of continual growth and grace.

As children grow into teens, parents may feel as if they are struggling to maintain influence, especially when they seem to drift. During this phase, it's important to maintain communication and encourage godliness through subtle but consistent reminders. A note of encouragement or a well-timed verse can nurture their growing independence while keeping



them connected to the truth.

Once children become adults, the role of parents shifts, but the need for spiritual guidance doesn't end. Our lives continue to serve as an example of faith, whether through how we handle life's challenges or how we build relationships with in-laws and grandchildren. Even in difficult circumstances like illness or aging, parents can model perseverance and faithfulness, showing their children the enduring hope found in Christ.

The key is to live a "reminding life" - a life where truth is consistently shared, both in words and actions, across all seasons of parenting. And keep praying for them! No matter the stage, our goal remains the same: to help our children build their own relationship with God that will not easily be shaken.
faithactivist.com

# Here, watter koers moet my lewe inslaan?

Hierdie vraag het gereeld by my opgekom wanneer ek vir die Here gevra het: Waarheen? Wat wil U hê moet ek doen? Kort na my wedergeboorte, daarna my roeping tot die voltydse bediening. Daarna elke keer wanneer ek iets nuuts moes aanpak, daarna elke keer wanneer daar 'n wending in my bediening gekom het. En elke keer het Sy antwoord my verbyster. Want ek het my glad nie opgewasse of bekwaam geag om die roeping te volg nie. Daarom het ek ook 'n studie gemaak, opgelees oor heiliges, groot figure, binne en buite die Bybel. En dan het Here aanhou sê: *"Kom agter My aan!"* En elke keer was dit vir my opnuut 'n offer wat ek moes bring.

So het Hy bv. met Josua gespreek: ***"Het Ek jou nie beveel nie: Wees sterk en vol moed, wees nie bevrees of verskrik nie; want die HERE jou God is met jou, oral waar jy heengaan"*** (Jos. 1:9). Ons lees ook van Jesaja se roeping en sy antwoord op die HERE se Roepstem: ***"Daarop hoor ek die Stem van die Here wat sê: Wie sal Ek stuur? En wie sal vir ons gaan? Toe antwoord ek: Hier is ek, stuur my"*** (Jes. 6:8). Al die groot manne van God, sowel as al die klein en geringe manne van God in die Bybel, moes antwoord: ***"Hier is ek, stuur my."*** En dit is NOOIT maklik nie. Hy vra jou alles. En elke soeke na God en Sy plan vir jou lewe, elke oplewing en herlewing, hetsy persoonlik of korporatief, het begin by intense gebed en toewyding aan God. En somtyds selfs gebed en vas. Dit moet egter nooit as 'n wet beskou word nie. Solank dit gaan oor opregte soeke en raadpleging van God.

Eers begin dit met 'n onrustigheid in my, omdat ek weet daar kom 'n verandering. Somtyds oor 'n tydperk van maande, of selfs 'n jaar of twee, totdat ek uitgevind het wat die Here se plan met my lewe is. Ek het reeds in die begin van my redding my lewe algeheel aan die Here oorgegee. Dit is "total commitment."

Daar is 'n lied wat my aan die hart gryp (Surrender deur Shelley Grewar):

With every thought
And every word
With every breath and all that I am
I want to love You as long as I live
For You are my God
I surrender
I surrender all

With every step
And every plan
With everything
that's in my heart
I want to serve You
as long as I live
For You are my King
I surrender
I surrender all

All my life
And all my needs
All my ways and all my deeds
I want to follow You every day
For You are my Lord
I surrender
I surrender all

## SEISOENE

Elke ernstige gelowige wat vir die Here wil leef en voor groot uitdagings te staan kom, sal noodwendig vra: "Wat nou Here?" En: "Watter koers moet ek inslaan om binne U wil te bly?" Want jy sê vir jouself: "Ek wil nie die pad byster raak nie!" En jy kom in 'n worstelstryd met jouself.

Dit kan wees dat jy aan die begin van 'n loopbaan staan, of al gevorder het en voor nuwe besluite te staan kom, of 'n voorgenome huwelik, of moet verhuis en vir jou hele gesin verantwoordelik moet optree. Of net 'n nuwe fase moet betree wat jou roeping raak.

Jy betree 'n nuwe seisoen, wat nie net jouself raak nie, maar jou hele familie, veral ook jou ouers wat gedurig vir jou bid. En jou nuwe seisoen bestaan uit verskillende fases in jou verhouding met die Here. Noodwendig gaan jy deur drie fases.

### 1. 'n Tyd om stom te wees

Dawid skryf: ***"Ek was stom in stilte, ek het geswyg, ver van die goeie af; maar my smart is aangewakker"*** (Ps. 39:3). Ons lees ook die profesie aangaande Jesus: ***"Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, en Hy het Sy mond nie oopgemaak nie; soos 'n lam wat na die slagplek gelei word en soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders - ja, Hy het Sy mond nie oopgemaak nie"*** (Jes. 53:7).

Dan lees ons ook van Esegiël: ***"En Ek sal jou tong aan jou verhemelte laat klewe, sodat jy stom sal word en vir hulle geen bestraffer sal wees nie; want hulle is 'n wederstrewige huis. Op dié dag sal jou mond geopen word tegelyk met dié van die vlugteling, en jy sal spreek en nie meer stom wees nie. So sal jy dan vir hulle 'n sinnebeeld wees, en hulle sal weet dat Ek die HERE is"*** (Eseg. 3:26-27). ***"En die hand van die HERE was op my in die aand, voordat die vlugteling gekom het; en Hy het my mond geopen teen die tyd dat hy in die môre na my gekom het. So is dan my mond geopen, en ek was nie meer stom nie"*** (Eseg. 33:22).

En ons lees van Daniël se ondervinding: ***"En terwyl hy hierdie woorde met my spreek, het ek my aangesig na die grond gedraai en stom geword"*** (Dan. 10:15). Ook van Sagaría by die geboorte van Johannes die Doper: ***"Maar toe hy uitkom, kon hy met hulle nie praat nie; hulle bemerk toe dat hy 'n gesig in die tempel gesien het. En hy het aanhoudend vir hulle beduie en stom gebly."*** (Luk. 1:22).



Hoekom het dié almal stom geword? Sodat hulle in afwagting op die Here Sy Stem kon hoor, en om te weet wat hulle moet doen met hulle offer van hulle lewe wat hulle aan God toewy. En wanneer hulle gepraat het, het hulle die Woord van die Lewende God gespreek, want Hy het hulle mond geopen. Dit is waar ons moet Wag op die Here.

### 2. 'n Tyd om te luister

Dan volg 'n tyd om te luister. Die Here het vanoggend vir my gevra: **"Hoor jy?"** En dan gaan dit nogeens oor my roeping - om te hoor wat God sê, sodat ek kan skryf alles wat Hy vir my sê. Ek dink aan Johannes op die eiland Patmos waarheen hy verban is. Hy was as't ware "stom" toe Jesus aan hom verskyn het: ***"Skrywe nou op wat jy gesien het, wat nou daar is en wat hierna gaan gebeur"*** (Op. 1:19).

Word stil, luister na die Here, en kry jou opdrag van die Here om te bepaal wat die rigting is waarin Hy jou volgende stuur. Hy gebruik elkeen, met hul eie temperament en talente en gawes, en met 'n unieke opdrag.

### 3. 'n Tyd om te doen, wat saamval met jou offer

Ek sien vandag 'n getuienis van 'n ouer persoon wat in die bus opstaan, tussen vreemdes, om te getuig vir Jesus. Hy word aangerand, maar lei later die jonger man na Jesus toe. 'n Gedagte kom by my op: Dit is presies wat David Wilkerson deurgemaak het, ná 7 ure per dag in gebed, toe God hom stuur na die agterstrate van New York. Tussen die bendeleiers in. En hy ruk die brandhout uit die vuur! 'n Film is van sy lewe gemaak: "The Cross and the Switchblade." Wat 'n wonderlike getuienis... maar hierdie bediening het net gebeur na 'n tyd van intense stilte, gebed, en "luister" om God se roeping te hoor; en daarna het David die visie gehoorsaam.

Het jy al 'n totale oorgawe aan Jesus gemaak? Is jy gereed om te doen wat Hy vir jou sê? Bring dan jou offer in gehoorsaamheid vir hierdie nuwe seisoen in jou lewe, en gee dan oor en sê vir Hom: "Hier is ek, stuur my!" Dan sal jy Sy vrede beleef, en al is daar teëstand, sal Hy Sy Woord in jou mond lê wat jy moet spreek. Jesus het gesê: ***"En wanneer hulle jul weglei om julle oor te lewer, moenie julle vooraf kwel oor wat julle sal spreek nie, en moenie daaroor dink nie; maar wat julle in dié uur gegee word, dit moet julle spreek; want dit is nie julle wat spreek nie, maar die Heilige Gees"*** (Mark. 13:11). Jy sal ook Sy krag beleef, want jy is gehoorsaam om jou opdrag uit te voer.

Onthou, daar is menigvuldige rigtings waarin jy moet gaan met jou lewe. Daar is nog baie seisoene wat vir jou voorlê op jou lewens-pad, wat jy met die Here moet deurwerk. Met elke nuwe fase van jou lewe is daar dalk 'n nuwe rigting wat jy moet inslaan. **Dit moet jou lewenstyl word om op die Here te wag vir elke lewensbelangrike besluit wat jy moet maak.** Want dit raak jou eie roeping in jou verhouding met God. Dit is hoekom jy nog hier is. Jy moet jou lewenstaak voltooi.

Elke kind van God moet besef: Jou hele lewensloop is 'n roeping voor God, en jy moet versigtig daarmee omgaan om God te behaag. Wanneer jy eendag oor jou lewe terugkyk, sal dit nie wonderlik wees om saam met Paulus die volgende te kan sê nie: ***"Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou. Verder is vir my weggelê die kroon van die geregtigheid wat die Here, die regverdige Regter, my in dié dag sal gee; en nie aan my alleen nie, maar ook aan almal wat Sy verskyning liefgehad het"*** (2 Tim. 4:7-8). Mag ons ook so ons doel en ons roeping nastreef met alles wat ons het. Voltyds of deeltyds. Die oes is groot, maar die arbeiders is min. Jesus roep ons: ***"Gaan dan heen…"*** Sal jy Hom gehoorsaam?

© Dr JJ Venter

# God kan nie gegoogle word nie

Sedert Carlo Petrini in 1986 groot protes aangeteken het teen die oprigting van 'n McDonald's kitskosrestaurant op die Piazza di Spagna in Rome, het daar baie gebeur om aan die sogenaamde 'Slow Food Movement' momentum te gee. Dit gaan lankal nie meer net oor kos nie, maar eintlik oor 'n hele leefstyl. Dit raak nou ook dinge soos tuine, ouerskap, reis, die kunste, finansies en die media. Jy sien, jy kan met 'n getwiet (deesdae op die platform X) vinnige, kort brokkies inligting die wêreld instuur, maar hoeveel diepgang kan jy daarmee bereik?

Carl Honoré, skrywer van 'In Praise of Slow' wys daarop dat 'n samelewing wat te vinnig lewe en voortdurend besig is om handelinge gelyktydig te probeer uitvoer, gedurig moeg is. Honoré stel dit duidelik dat hy nie teen produktiwiteit en spoed is nie. Hy is mal oor sy vinnige internet, bly in 'n dinamiese Londen en speel graag yshokkie en muurbal. Hy het dit egter teen spoed wat die essensie van dinge by ons laat verbygaan. *Hewlett Packard* het onlangs gewaarsku dat die konstante onderbreking van jou fokus in die werkplek, byvoorbeeld deur vinnige e-posse wat vinnige reaksie vra, die IK-vlakke in die werkplek met tien punte kan laat daal!

In wese gaan die 'Stadige Beweging' dus daaroor dat ons meer daarop moet fokus om werklik in die oomblik betrokke te wees. Dit gaan oor ware fokus. Sulke oomblikke bly in elk geval veel langer by jou. Dit raak die kos wat jy maak, die kinders wat jy grootmaak en die reis wat jy onderneem. Daar is mos die grappie van die Amerikaner wat by die Grand Canyon aan sy gesin sê: "Julle moet vinnig kyk. Ons kan na die prentjies op video by die huis gaan kyk!"

Dit bring my by God en die Woord. Kom ons sê dit sommer reguit: God kan nie gegoogle word nie. Ja, Google is fantasties. Ek gebruik dit baie en dit help my. Jy kan ook inligting oor God op die internet kry, maar God Self kan nie gegoogle word nie. Enige verhouding vra tyd. Ook jou verhouding met God. God trek Hom maklik terug van haastige gespreksgenote.

Christus was waarskynlik 'n waardige Eksponent van 'n stadiger leefstyl, en ek sê dit met groot respek. Wanneer daar siekte was, het Hy Sy tyd geneem om daar uit te kom. Die dringendheid van die oomblik het Hom nie aangejaag nie.

Vir kinders en randfigure kon Jesus tyd maak, soos in Lukas 18:16 waar Jesus sê: *"Laat die kindertjies toe om na My toe te kom, en moet hulle nie keer nie, want dit is sulke mense wat deel het aan die koninkryk van God."* Jesus het meestal gestap of met 'n bootjie gereis en, so lees ons, 'n enkele keer op 'n donkie gery! Hy het beslis nie die vinnige perde en strydwaens van die Romeine gebruik nie.

Ek is bevrees dat ons in 'n samelewing leef wat besig is om die ware, positiewe impak wat die Bybel op ons kan hê, te verloor, gewoon omdat ons te vinnig en te min daarmee omgaan.

Hoe hanteer jy die werklikheid van komplekse Bybelvertalings, die verskillende kulturele lense waarmee ons en die Bybelskrywers kyk en gekyk het, asook die werklikheid van komplekse literêre genres, simboliese taal en metafore as jy haastig is? Voeg daarby dat die Woord van God nie maklik sonder 'n intieme omgang met die Gees van God ontsluit word nie.

Nee, God kan nie gegoogle word nie. Ek hou nogal van McDonald's op sy tyd, maar 'n kitskos-Christendom kan dalk net ontdek dat die ware oomblik by hulle verbygaan.

*- Hoop vir 'n Tyd Soos Hierdie, Braam Hanekom, CUM, 2015.*

***Laat ons dus doelbewus tyd neem en ons soms lewe stadiger lewe. In stilte aan die Here se voete gaan sit en na Sy Stem luister. Op Hom wag. Dan sal ons verhouding met Hom verinnig en sal ons die nodige vrede en wysheid en rigting kry wat ons so broodnodig het!***

# Wanneer Die Pad Nie Sin Maak Nie

***"Julle het wel sleg teen my bedoel, maar God het dit ten goede gebruik. Hy het gesorg dat 'n groot volk nou in die lewe gebly het"*** (Genesis 50:20).

Josef se roeping begin met 'n droom. Hy sien hoe sy broers voor hom buig - 'n teken dat God 'n plan vir sy lewe het. Maar sy pad loop nie reguit nie. Sy broers haat hom, verkoop hom as 'n slaaf, en hy beland in Egipte, ver weg van sy familie. Later word hy valslik beskuldig en in die tronk gegooi. Niks werk uit soos hy dit sou verwag het nie! Wat leer ons by Josef?

**1. God se plan is nie altyd maklik nie.**

Dit moes vir Josef gevoel het of sy drome verpletter is. Hy het getrou gebly aan God, maar alles het skeefgeloop - hy was alleen, verrinneweer en verwerp. Soms voel ons ook dat ons roeping op 'n dooie punt beland. Maar selfs in die tronk het God nie van Josef vergeet nie.

**2. Getrouheid in die klein dinge bring groter seën.**

In Potifar se huis het Josef hard gewerk en sy vertroue verdien. In die tronk het hy ander gehelp. Hy het God bly eer, al was sy lewe moeilik. Ons word geroep om getrou te bly, selfs wanneer ons situasie moeilik is.

**3. God se plan is groter as ons pyn.**

Na jare van lyding het Josef se drome waar geword, maar nie soos hy verwag het nie. Hy het tweede-in-bevel van Egipte geword en sy familie gered van hongersnood. Soms lyk ons lewenspad onsamehangend, maar God weef 'n groter prentjie as wat ons kan sien.

**Dink hieroor na:**

- Is daar tye in jou lewe waar jy voel God se beloftes vir jou is vergete?
- Hoe kan jy, soos Josef, getrou bly aan God, al is die omstandighede moeilik?
- Het jy al beleef hoe God 'n slegte situasie gebruik het om iets goeds voort te bring?

**Gebed:**

Here, help my om U te vertrou, selfs wanneer my pad swaar is. Ek weet dat U 'n groter plan het as wat ek kan verstaan. Gee my die moed om getrou te bly, al sien ek nie die volle prentjie nie. Amen.

*- Hettie Wessels*

Jer. 20:11
★★★ B&B Uit die Hand van die HEER
KLERKSDORP
BETER PRYSE VIR HOSPITAALBESOEKERS
Skakel "Alte-Welkom"
082 492 2299
018 468 1921
altewelkom@telkomsa.net
www.altewelkom.com

Oase van Hoop
AGS Baillie Park Gemeente
Oase van Hoop AGS Baillie Park Gemeente
Sondagoggenddiens 9:30
JOI-Kinderdienste 9:30
E-pos: johann@safricom.co.za
Pastoor Johan Nortje 083 280 8971

OASE VAN HOOP
-KOFFIE KAFEE-
HEB. 6:19
est. 2023